

sig

nuusbriëf

Kersfees 2010



Durbanville
Gemeente

saam in diens van God se nuwe wêreld

Jy is die lig vir die wêreld

Ds Gys van Schoor

Kersfees is die Fees van die Lig wat na die wêreld gekom het. Johannes beskryf dit so: Die ware Lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld. In Hom was die Lewe, en die Lewe was die Lig vir die mense. Die Lig skyn in die duisternis ... (Joh 1:4-9).

In die begin, in Genesis 1:3, spreek God sy skeppingswoord: "Laat daar lig wees!" In Johannes spreek God sy herskeppingswoord in Jesus: "Ek is die Lig vir die wêreld." Die verstommende is dat sy eie mense nie die Lig erken het nie, dat sy eie mense die Lig nie aangeneem het nie. Die Lig skyn egter sedertdien in die duisternis en die duisternis kon dit nie uitdoof nie.

Dié wat die Lig aangeneem het, word kinders van God, mense van die Lig. Verlossing en redding gaan oor 'n groter saak: lewe as kinders van die lig. Daarom stel Jesus dit onomwonde: "Ek is die Lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee." Christene is mense wat Jesus, die Lig, volg. Daarom lewe ons in die Lig en weerkaats ons die Lig in die wêreld. Jesus sê vir sy dissipels, sy volgelinge: "Julle is die lig vir die wêreld."

Kersfees se doel is dissipelskap: om dissipels van Jesus te wees. Ons word geroep om verenig met Jesus te lewe. Ons leer om saam met Hom te lewe. By Hom leer ons hoe om te lewe.

Dissipelskap is die eerste prioriteit van die kerk. Die kerk is vir dissipelskap en dissipelskap is vir die wêreld. Dit gaan oor 'n inoefeningsproses lewenslank. Die afgelope paar jaar se 40 dae wou ons hiermee help.

Ons gaan volgende jaar in ons 40 dae Jesus se woorde: "Julle is die lig vir die wêreld", inoefen. Ons tema volgende jaar is: "Jesus stuur ons!" Jaar 1 se tema: "40 dae met Jesus" en jaar 2 se tema: "Jesus maak ons heel" is van die uiterste belang vir ons gestuur-wees. "Jesus stuur ons" vloei voort uit die daaglikse lewe saam met Jesus (40 dae met Jesus). En vir die lewe saam met Jesus, maar ook vir ons gestuur-wees, is emosionele gesondheid van groot belang (Jesus maak ons heel).

Volgende jaar gaan ons met hierdie proses voort. Ons word geroep om daar waar ons elke dag leef en werk lig vir die wêreld te wees. Lig is iets wat gesien word. Lig is iets wat verhelder, dit bring lewe. Lig skyn in die donker en verdryf die duisternis. Lig is die dagbreek van God se Nuwe Wêreld. " 'n Stad wat op 'n berg geleë is, kan nie weggesteek word nie, ook steek mens nie 'n lamp op en plaas dit onder 'n emmer nie, maar op 'n lampstaander en dit gee lig vir almal in die huis."

Mag Kersfees, die Fees van die Lig, ons eie donkerte verdryf. Mag Hy in ons skyn en deur ons skyn. Mag ons die lig hê wat lewe gee. Geseënde Kersfees.



Geloof in die Onsienlike

Ds André van Wyk

Die Bybel is vol van "sien" – om met die oë van die geloof, met ander oë, te leer kyk en te sien. Dietrich Bonhoeffer skryf: "Die heel belangrikste taak wat daar vir Christenmense kan wees, is om die hele werklikheid, die samelewing, die skepping, die naaste, ALLES, voortdurend te bly sien in die lig van Christus ... miskien selfs: soos Christus; met die oë van Christus."

Maar hoe moet ons dit regkry? Want oral waar ons kyk, sien ons die slegte – in die koerante, op die televisie, rondom ons mense wat swaarkry, bedelaars, werkloosheid, seer, stukkende mense – ons beleef dit self. So HOE moet ons dan anders sien?

Martin Luther, die groot kerkhervormer, skryf oor geloof: "Geloof is om te sien wat jy nie kan sien nie, en nie te sien nie wat jy sien." Geloof is om dieper te kyk as wat jou oë kan sien en dié dinge raak te sien wat jy nog nie met jou gewone oog kan sien nie en terselfertyd om die dinge wat jy met jou gewone oog sien, as't ware mis te kyk, daar verby te kyk en dieper te kan sien, tot by God te kan sien.



Uit die Woord

Geloof is die vermoë om met God se oë te sien. Om God te kan sien. Om God se plan vir die wêreld te sien. Om te weet, alles wat ons sien, is deur die Onsienlike ge-skep, en juis daarom moet ons ons lewens aan die Onsienlike oorlaat. Dis geloof.

Dirkie Smit stel dit so: "Geloof is die vermoë om anders te sien. Om onself te sien en te beoordeel soos God ons sien. Om ons naastes te sien soos God hulle sien. Om vreemdelinge, wese, en weduwees te sien soos God hulle sien. Om ons vyande te sien soos God hulle sien. Geloof is om ons omstandighede te sien soos God dit sien. En die toekoms te sien soos God dit sien. Dit is om ons bekommernisse, probleme, teenslae, te sien soos God dit sien. MAAR daarvoor moet ons voortdurend die Onsienlike bly sien."

Mag elkeen van ons hierdie Kersfees die Onsienlike sien!

Hulde aan "die media"

Ds Tinus van Zyl

Amper net so lief soos wat ons dominees daarvoor is om flieks te kyk, is ons ook lief daarvoor om van die preekstoel af "die media" te kritiseer vir die verkeerde oortuigings en waardes wat dit aan mense oordra. Maak nie saak of dit flieks of koerante of TV of advertensies is nie, ons skeer sommer almal onder dieselfde kam en beskuldig "die media" as die oorsprong van die morele verval in ons samelewing. Siende dat ek te lanklaas by die flieks was om oor 'n fliet te skryf, en in die lig van die regering se pogings om "die media" se mond te snoer, het ek besluit om hierdie spasie af te staan om dankie te sê en hulde te bring aan "die media", want ons doen dit hopeloos te min.

Ons dank die Here vir 'n vrye media in ons land. Ons waardeer die wyse waarop die media – veral koerante – dag na dag, week na week, korrupsie uitsnuif en aan die lig bring. Ons is al moeg om daarvan te hoor. Ons wil dit nie eers meer lees nie. Ons koop nie eers meer die koerant nie, so siek en sat is ons om te hoor van korrupsie, maar die media is onverskrokke in hul



Uit die Wêreld

taak om alle korrupsie op te grawe. Dankie daarvoor. Dankie dat julle nie net berig oor die dinge wat ons graag wil lees nie, dat julle nie net mooiweersprofete is nie, maar dat julle aanhou om ongeregtheid uit te wys.

En dankie ook vir die mooi stories. Dankie vir die stories oor gewone mense wat op hulle manier probeer om 'n verskil in ons land, in Afrika en in die wêreld te maak. Dit inspireer ons. Dit gee ons hoop. En dankie vir al die debatte. Ja, soms raak ons moeg vir Jan Rap en sy maat se oningeligde opinies, veral as dit die kerk is wat deurloop onder kritiek. Maar ons eer julle dat julle daardie forum skep, dat julle vryheid van spraak eerbiedig, dat julle die gesprek en die debat aan die gang hou.

Die kerk en die media sal altyd 'n gespanne verhouding hê, en dit hoort so. Die kerk moet die media kritiseer en die media moet die kerk kritiseer. Want dit is slegs op hierdie manier wat die waarheid sal seëvier, en die waarheid maak vry.

Jesus stuur ons!

Ds Tinus van Zyl

Volgende jaar is die tema van ons 40 dae: "Jesus stuur ons!" Hierdie tema gaan nie daaroor dat ons êrens anders heen moet gaan nie, maar dat ons daar waar ons woon, waar ons werk en oral waar ons beweeg, Jesus se dissipels is, Jesus se gestuurdes is, wat sy liefde uitleef teenoor almal wat Hy oor ons pad stuur.

Daar is sekere gewoontes, geestelike dissiplines, wat ons kan help om elke dag as Jesus se gestuurdes te lewe. Byvoorbeeld, om aan die begin van die dag stil te word by die Woord, en om aan die einde van dag na te dink oor die dag en jouself af te vra: "Waar en wanneer kon ek vandag die liefde van Jesus ontvang of gee?" 40 Dae is 'n geleentheid vir ons om hierdie gewoontes in te oefen. 'n Paar lidmate wat reeds vanjaar blootgestel is aan hierdie geestelike dissiplines, vertel hoe dit hulle gehelp het:

Sandra Burger:

Ek het 'n ruimte gevind waar mense opreg omgee en belangstel en ook voorbidding doen vir my spesifieke behoeftes. Dis heerlik om in die begin van die dag saam met hierdie mense stil te word voor God en aan die einde van die dag met hulle te deel hoe God 'n werklikheid in my lewe was (of nie was nie ...!). Die eerlikheid waarmee ervarings gedeel word, laat my keer op keer besef dat ons as kinders van God nie alleen staan in hierdie wêreld nie en dat vreugdes en laste wat gedeel word, ook vir ander tot verryking en versterking is.

De Wet du Plessis:

Deur die volhou van die dissipelskap-dissipline oor die afgelope paar maande, het ek tot die besef gekom dat dié dissipline onontbeerlik (klem op *onontbeerlik*) is vir 'n lewe in die werklikheid, in die liefde, as dissipel van Jesus. Almal moet dit ervaar.

Marnus Laubscher:

Om 'n dissipel van Jesus te wees is 'n "way of life" wat met jou voete geanker in God se liefde, in sy realiteit, ingeoefen word. Ek is verheug dat ek my status as "vakleerling" van Jesus saam met nuutgevonde vriende in die gemeente kan uitleef. Om by mekaar te leer hoe om ons dagritme aan te pas, om Jesus se liefde te kan raaksien en sy fluisterstem te kan hoor, is absoluut wonderlik!

Adél Laubscher:

Die ervaring van die 'training' waarin ons is as dissipels van Jesus, is 'n wonderlike verandering in die ritme van jou dag. Dit maak jou meer bewus van die liefde van God en liefde vir jou naaste. Net deur jou dag te evalueer en te deel met mede-dissipels, ervaar mens rustigheid en sien jy ook die klein dingetjies waar God in jou lewe werk. Die besef dat jy nooit alleen is nie, word ook baie duidelik.

skin on plein
CHARMAINE

tel: 021 979 3292 cell: 082 871 4478
e-mail: skinonplein@gmail.com
10 plein street, unit 3, durbanville, 7550



Met Desember vakansie om die draai...
boek jou skoonheidsbehandelinge by Skin on Plein
NOU, om teleurstelling te voorkom.

Zaretha King:

Ek het beheer oor die geestelike dissiplines, maar daar is 3 dinge waarvoor ek nie beheer het nie: probleme, versoekings en seerkry. Hierdie dinge het 'n invloed op my geestelike groei en welstand, maar ek kies of ek gaan groei deur die uitdagings en of ek daarvoor gaan val. Ek weet Jesus wil hê dat ons die lewe moet hê, in oorfloed. Hy alleen kan alles en enige iets gebruik om iets goeds daaruit te laat voortkom. Ek daag net op, Hy doen die res!



40^{dae}

Jesus

stuur ons!

Wie het Jesus vandag oor
jou pad gestuur?

Skakel die kerkkantoor as jy bereid is om jou huis oop te maak vir 'n 40 dae-groep.
40 Dae begin op Sondag 6 Februarie 2011.

Redaksie

Redakteur: Ds Tinus van Zyl

Redaksielede: Jackie Pretorius & Cindy vd Merwe

As jy op enige wyse betrokke wil raak by die SIG, of die gemeente se kommunikasie in die algemeen, skakel asb vir ds Tinus van Zyl by 083 289 4985.

Wat is die Here besig om te doen!

Kerkraadslede getuig

Thys Pretorius (Voorsitter)



Dis Sondagaand. Ek sit in 'n hotelkamer. More is my vrou se verjaarsdag. Dis nie die eerste keer wat ek 'n familie-aangeleentheid mis nie ... Waar is God? Ek dink aan die dag, en ek besef, God was dáár; vanoggend toe die duif voor ons kamervenster gekoer het, toe die babatjie in die kerk gedoop is, toe ons gehoor het dat waar God se liefde is, kan vrees nie wees nie, toe ons as familie en vriende Renée se

verjaarsdag kon vier (al was dit 'n dag te vroeg). God is hier waar ek nou is, en God het my lief. God is daar waar my familie nou is, en Hy het hulle lief. Wat is die Here besig om te doen? Die Here is besig om my te leer om 'n dissipel te wees, hier waar ek is, sodat ander God se liefde in my kan sien.

Sandra Jordaan (Ondervoorsitter)



Met die fokus op versorging, beleef ek dat gemeentelede gehelp word na 'n groter bereidwilligheid om beskikbaar te wees en om onvoorwaardelik van diens te wees. Ons kyk na mekaar met 'n "sagter oog". Die Here skep deur middel van 'n kleingroep 'n veilige, vertroulike plek waar die innerlike reis onder mekaar gedeel kan word. Ons onderskeie kwesbaarhede en gebrokenhede kan hier

gedeel word deur mekaar se verhale. Geleenthede word geskep waar ons mekaar in die heelmakende reis kan ondersteun en waar God se getroue liefde soos 'n goue draad beleef word.

Steyn Heckroodt (Jeug)



Terwyl Petrus in die tronk was, het ek diep getreur. Met sy vrylating is ek gekonfronteer met die ontwaking dat God werklik is. "Het jy dit dan nie altyd geglo nie?" het ek myself afgevra. Toe besef ek inderdaad daarvan om in Hom te glo, het ek altyd net geglo dat ek glo. Nou weet ek egter verseker: God is werklik, is lewend, en lief vir ons. Now I just believe.

Marié Conradie (De Port'uur Groep: Seniors)



Ons bring lof aan die Vader vir die byeenbring van medegelowiges in Christus wat reeds kon begin om aktiewe disipelskap uit te leef deur die ontstaan van De Port'uur Groep. Besondere nuwe samewerking van die bestuurslede en ander ingeskakelde lede maak ons opgewonde oor elke geleentheid soos die Lausanne-kongres, gemeente-ondersteuning en geesverrykende uitstappies waardeur ons sy

Naam kan verkondig en sy doel vir ons in die gemeente verder kan uitleef.

Jac Laubscher (Rentmeesterskap)



Die Here eis dat ons op Hom moet fokus en nie op onself nie; dat ons na Sy wil sal vra deur erns te maak met Sy Woord; dat ons ons sal oopstel vir die leiding van die Heilige Gees – kortom, dat elke gemeente-aksie sal getuig: Jesus is ons Koning!

Zaretha King (Kommunikasie)



Hoe meer ek van God leer, hoe meer staan ek verwonderd oor wie Hy is. Verlede Desember het Hy my na Durbanville gebring en ek ervaar steeds: "Die Here is op hierdie plek". Hier het ek die afgelope jaar kom rus in God, geestelik gegroei en die ervaring van soveel liefde gehad. Durbanville en hierdie gemeente voel vir my soos "huis"

en ek is oneindig dankbaar dat Hy my hierheen gebring het. Dankbaar ook dat ek hier bruikbaar kan wees. Kommunikasie is een van my groot passies en om deel van die Kommunikasiespan te wees is 'n vreugde en voorreg.

Esther Blackaller (Addisionele lid)



Ek is nederig dankbaar om deel te hê aan die groeigeleenthede in ons gemeente en om te leer hoe om eerstehands met God te leef en om emosioneel heel te word. Almal van ons ervaar emosioneel pyn en dra dit saam met ons, maar ons almal kan ook kies hoe ons daarop gaan reageer. Ek soek doelbewus wysheid om God se liefde te kan ontvang en vanuit sy

genade en vergifnis te leef. Dit vra soms van my 'n WILSBESLUIT om te midde van negatiewe omstandighede of mense, doelbewus liefdevol op te tree.

Johan Benadé (Diensverhoudings)



Ek het die afgelope tyd opnuut diep bewus geraak van hoe God aan die werk is. Nie alleen rig hy mense op om in Afrika wonder te verrig en mense na die Here te lei nie, maar openbaar Hy Homself deurlopend aan my deur sy Woord. Ek is die afgelope tyd deurlopend bewus van hoe die Here my dra, ten spyte van moeilike besluite in my besigheid.

Willem van Schalkwyk (Kleingroepe)



Kleingroepe bly 'n tema in my lewe. Selfs op skool, as jong Christen, is my geloof tot 'n groot mate gevorm in wat ons toe "die koffie-kroeg" genoem het. Dit was voor daar goed soos selgroepe was! Op 'n stadium was daar ook 'n paar jare van geen betrokkenheid by 'n groep nie, maar later, toe die lewe besig was om ons 'n paar taai klappe te gee, was dit weer

klein-groepe wat 'n groot rol gespeel het in ons herstel. En nou roep Hy my weer om met die onderwerp te help.

Jacques van Heerden (Finansies)



Dallas Willard se verduideliking van dissipelskap, dat Jesus ons mentor is en ons sy student, en die feit dat Jesus alles wat ons elke dag doen verstaan en baie beter as ons kan doen, help my om God daaglik meer intiem te ervaar.

Bertha Pretorius (Gebed)



Ons word opgeroep om in 'n lewende verhouding met ons Hemelse Vader te leef en Sy aangesig te soek deur voortdurend te bid en totaal afhanklik van Hom te leef. Jesus stuur ons uit met die belofte van Handeling 1:8, wat ons instaat stel om as dissipels in die wêreld te leef – om 'n helder lig te wees wat skyn vir alle nasies, tale en volke tot aan die uithoeke van die aarde.

Christi Thirion (Jeugwerker)



Die Here is besig om ons gemeente se jeugbediening te vorm en op te bou as 'n stewige fondament vir groei. Hy is besig om die kultuur van ons gemeente se jongmense te verander en persepsies te vernuwe. En in myself? Hy daag my elke dag uit oor hoe ek Hom ken en verstaan!

Frikkie Cloete (Eiendomskomitee)



Die Here weet van al die misstappe op die lewenspad wat hy aan my geleen het. Sy vergifnis is oneindig groot. "Maar wat van my verlede?" Die oomblik toe ek sy vergifnis ontvang het, was daar nie meer 'n verlede nie, net 'n toekoms. Wat 'n voorreg om vir Hom tot diens te wees. Ek was vry om deur sy genade voort te gaan met my geleende tyd ná my hartaanval.

Gey Kriek (Addisionele lid)



Die Here is besig om ons "generasie" bewus te maak dat ons beurt aangebreek het om geestelike en morele leiding te neem. Binne die konteks is een tema wat deurkom om ander te probeer sien soos God doen: met liefde en deernis, sonder enige voorbehoude oor vreemdheid van voorkoms, kultuur, klas of gedrag. Wees eerstens vir almal lief, soos wat God doen.

Annemarie Meyer (Addisionele lid)



Dit was vir my 'n geweldige seën om met my ma se siekte en afsterwe die Here se liefde en koestering te ervaar in die gemeenskap van medegelowiges. Daar was dié wat saam met my by die hospitaal was, saam gebid het, laat-aand na my kinders gekyk het en gehelp het om haar goedjies te trek. Ek het ook ervaar dat die Here 'n klomp "klein" gebare — 'n telefoonoproep, 'n e-pos, 'n vinnige besoek, 'n drukkie in die straat, 'n lekker tuisgebakte brood — saamvoeg tot iets "groots".

Jackie Pretorius (Admin bestuurder)



Om elke dag te midde van die wêreldse dinge wat op my pad kom, opnuut bewus te kan word van God se liefde wat Hy vir elkeen van ons gee. Om 'n verhouding met God te mag hê waarin en waardeur ek in toenemende mate God se Vaderliefde, sy goedheid, sy genade, sy omgee, sy versorging, sy troos, sy betrokkenheid by my lewe en sy leiding van dag tot dag te kan leer ken, ervaar en uit te leef – ook in baie moeilike tye.

André van Wyk (Leraar)



Ek glo God is besig om al meer gelowiges oor alle ouderdomme heen op te rig en voor te berei vir hul taak om as sy dissipels te leef daar waar hulle woon en werk. En dis 'n voorreg om deel van God se plan te wees!

Rian Verster (Leraar)



Die Here is besig om my en my gesin en ons gemeente van sy liefde te verseker. Die tekste in die preekreeks van hierdie kwartaal help my baie om dit net weer te hoor en bietjie daarvan te verstaan dat die Here ten diepste, liefde is. Dat Hy ons voluit liefhet en dat Hy by ons kom woon het!

Gys van Schoor (Leraar)



Ek sien dat die Here op KLEIN skaal, maar voortdurend, aan die werk is in my lewe en die mense rondom my. Dit is ook hoe ek verstaan die koninkryk kom. Dit kom meesal in die klein, gewone dinge, in die vorm van saad wat gesaai word. Dit lyk op die oog af na niks, maar laat dit net ontkiem. Ek is baie opgewonde oor dit wat die Here besig is om te doen in my lewe, maar ook in Durbanville Gemeente, al lyk dit op die oog af klein en nietig.

Tinus van Zyl (Leraar)



Die Here is besig om vir my te leer dat Hy 'n werklikheid is, dat Hy hier en nou by my is. Jesus help my om hier en nou sy liefde vir my te ontvang, en om hier en nou sy liefde vir die mense rondom my gee.

Tinus le Roux (Leraar: Tentmaker)



Tinus le Roux is tans oorsee.

Adverteer in SIG

Die kostes vir advertensies is as volg:

Vol blad	R1500	Halwe blad	R750
Kwart blad	R375	1/8 blad	R188

Kontak die kerkkantoor by 021 975 6370.

(Die redaksie behou hom die reg voor om advertensies, wat nie pas by die aard van die SIG nie, te weier.)

... Geseënde Kersfees
2010

geSIGgies

Ons wil graag al ons geSIGgies 'n wonderlike & geseënde Kersfees toewens, geniet die vakansie & lekker rus. Mag 2011 vir julle almal baie geluk, voorspoed & liefde in hou!!! Mag God vir jou die lig van Kersfees gee wat geloof is; die warmte van Kersfees wat liefde is; die luister van Kersfees wat reinheid is; die geregtigheid van Kersfees wat regverdigheid is; die geloof in Kersfees wat waarheid is & die volheid van Kersfees wat Christus is.

Die Betlehemster wat ons so dikwels bo-aan kersbome sien, vertel vir ons dat die ster die Wyse Manne na Jesus gelei het daar in Bethlehem (Matt. 2:1-2). Die Betlehemster was definitief nie maar net 'n gewone ster nie. Die Wyse Manne het die sterre bestudeer en hulle het besef dat hierdie 'n baie buitengewone ster was. Die ster het hulle dan ook vir baie dae in 'n westelike rigting gelei, en bo-oor Jerusalem gestop waar dit vir hulle gewag het. Vandaar het dit na Bethlehem gedraai en bo-oor die stal waar Jesus gebore is, tot stilstand gekom. **Kleur die prentjie in!**

Het jy geweet ... Advent beteken "om te kom"




- 125 g botter
- 125 ml (½ k) gouestroop
- 1 eier
- 875 ml (¾ k) koekmeel
- 180 ml (¾ k) suiker
- 5 ml (1 t) bakpoeier
- 3 ml (½ t) koeksoda
- 5 ml (1 t) gemengde speserye
- 10 ml (2 t) fyn gemmer
- 30 ml (2 E) melk

**Maak jy & mamma julle
gesin se eie
Gemmerbroodmannetjies
vir Kersfees**



Smelt botter en stroop saam. Verwyder van hitte en klits eier by. Voeg dit by die droë bestanddele saam met die melk. Maak aan tot 'n ferm deeg. Verkoel vir sowat 20 minute. Voorverhit oond tot 180 °C en voer bakplate met bakpapier uit. Rol die deeg op 'n meelbestrooide oppervlak uit en druk mannetjies uit. Bak vir 10-15 minute tot goudbruin en gaar. Laat 'n paar minute lank op die bakplaat afkoel en sit dan op 'n draadrak om verder af te koel. Versier en bêre in 'n lugdigte houer. Lewer 50 mannetjies.

Kersfees



1. Lees in Matteus 1:18 wie Maria se verloofde was.
2. In Matteus 2:1 noem hulle die Koning se naam wat regeer het tydens Jesus se geboorte.

1.			S		
2.			O		S
3.		O			
				O	
	M				
4.			P		

3. Die Sterrekykers het 3 presente vir Jesus gebring. Wat was dit? Matteus 2:11
4. Na watter land toe moes Jesus en sy ouers vlug. Matteus 2:13



Graad 6: Ouer-en-Kind dag

Ouers vertel



Anneke van Rooyen:

Buiten vir die kans om tyd net met een kind alleen te spandeer die dag, het ek en Jana weer 'n goeie "konneksie" gemaak op 'n geestelike vlak. Die aanbieding was insiggewend en tog ook "lig", selfs vermaaklik, sodat 'n mens nooit gevoel het dit is 'n swaar las op jou skouers nie. Ek het (weer) geleer dat elkeen van ons kinders anders is en op hul eie manier spesiaal is en dat ek op verskillende maniere met elkeen kan "connect". Jana sê sy het geleer dat sy maar vir ons kan vertrou met haar vrae. Ons verhouding het oor die algemeen verstewig!

Liezel Wasserfall:

Wat 'n aangename ervaring en groot voorreg was dit nie om, saam met ons twaalfjariges, stil te staan en te reflekteer op die emosies, fisiese verandering, psige (en pyn!) van grootword nie. Ek het weer besef dat alhoewel my kind so baie van my en sy pa in hom het, hy besig is om in 'n unieke, selfstandige jong volwassene te ontwikkel en dat ons as ouers hierdie pad met deernis en begrip saam met hom moet stap. Dankie aan die Jeugkomitee vir die veelfasettige aanbieding en dat julle dit deurgaans lig gehou en toeganklik vir almal gemaak het. Die oorhandiging van die seëngebed en aansteek van die kers in Sondag se ereediens was die perfekte afronding vir 'n baie sinvolle onthou-geleentheid.

Graad 1: Ouer-en-Kind dag

Ds Tinus van Zyl

Op Saterdag, 5 Maart 2011, bied die Jeugkomitee 'n Graad 1 Ouer-en-Kind Dag aan. In Graad 1 begin kinders met formele kategese, maar die ware kategese het reeds lankal begin, in elke kind se huis.

Tydens doorgesprekke sê ouers altyd vir my dat hulle graag hul kind wil grootmaak binne die Christelike geloof. En dan vra ek altyd: "En hoe dra 'n mens jou geloof oor aan jou kind?" By die doopvont belowe ouers immers om vir hul kinders te leer wie God is, sodat hulle tot geloof in God kan kom en kan leer om saam met God te lewe. Maar hoe doen 'n ouer dit?

Ons weet dit is net die Heilige Gees wat uit genade elke kind tot geloof in Jesus kan bring. Tog is dit ook so dat 'n mens hierdie gawe van die Gees in jou ouerhuis kan ontvang. Ons

Jeug: Kinders

Mari Schnehage:

Die Graad 6 Ouer-en-Kind dag het die oorgang van kind na jong volwassene erken en gevier. Dit was 'n spesiale geleentheid vir ouers om jou kind beter te kan verstaan en om toegerus te word om hierdie oorgangsfase met meer insig en empatie binne te gaan. Om jou kind se liefdestaal en persoonlikheid beter te begryp en kwaliteit tyd saam deur te bring. Die ervarings van ander ouers kon gedeel word en ons kon daaruit leer. Dit was 'n kosbare dag saam met jou kind wat diep gebêre kan word.

Marna Boshoff:

Wat 'n verrassing! Dankie vir 'n wonderlike wete dat ons saam met die jeugleiers pret kon hê, maar ook leiding kon kry oor sekere aspekte in hierdie oorgangsfase in ons kinders se lewe. Ons weet ons kan met vrymoedigheid na enige van die jeugleiers gaan vir raad in ons kinders se tienerjare. Dit is ook lekker om mekaar nou bietjie beter te ken. Ons kinders is in goeie hande en ons as ouers moet ook ons deel bring en betrokke bly. Die kwaliteit-tyd met Mje was ook spesiaal. Mens ken jou kind, maar in die gejaagtheid van vandag ly kommunikasie skipbreuk. Die simboliese aansteek van die kersie en die wete dat God altyd daar is, maak nie saak waarmee ons sukkel nie, was spesiaal. Dankie Lezjé, Tinus en Christi.



lees in 2 Timoteus 1 hoe Timoteus die gawe van geloof deur sy ma en sy ouma ontvang het.

Dit is uiteindelik deur eenvoudige familiege-woontes wat ouers en kinders mekaar kan help om te glo. Dit is deur stories te vertel, deur mekaar te waardeer, deur saam te droom, deur tyd vir mekaar te maak, deur simbole in die huis, deur saam fees te vier, deur saam Bybel te lees en te bid, deur saam ander mense te help en vir die aarde te sorg, dat geloof gevorm en gevestig word in ons families.

By die Graad 1 Ouer-en-Kind dag gaan ons nie net oor hierdie familiegewoontes praat nie, maar ons gaan dit dóén, ons gaan dit inoéfen, ons gaan daarmee spéél, en ons gaan hope pret daarmee hê!

Planne verander vir Petrus en Lisle

Petrus



My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom (Jakobus 1:2).

Ons planne in Sentraal Asië is skielik onderbreek toe ek (Petrus) op die 9de Augustus in hegtenis geneem is as gevolg van ons werk daar. Alhoewel die hele ervaring baie traumaties vir ons gesin was, het ons ook daardeur baie geleer oor die Here se sorg vir ons. Oor die algemeen het die owerhede my baie goed behandel en versorg. Die moeilikste vir my was die gedagte dat ek moontlik vir jare van my gesin geskei gaan wees. Vir Lisle en die kinders was die onsekerheid en om nie bymekaar te wees nie ook baie moeilik.

Ons ontmoet nog gereeld nuwe mense wat vir ons gebid het. Duisende gebede van oor die hele wêreld het die deure vir my oopgemaak om vrygelaat te word. **BAIE DANKIE** vir almal wat saam gebid het! Ons is gevra om die land binne 24 uur te verlaat. Dit was wonderlik om weer by my pragtige vrou en lieflike kinders te wees.

Maar ons getuigenis is die vers hier bo. Daar is vreugde om vir die Here te ly en Hy werk sag met ons. Jesus sê: *"Geseënd is dié wat vervolgd word omdat hulle doen wat reg is"* en Hy sê ons moet bly wees as ons beledig en vervolgd word, *"want julle loon is groot in die hemel."*

Oor ons toekomsplanne: Deur goeie raadgewers het ons besef dat dit nie wys sal wees om binne die volgende twee jaar terug te gaan na die land waar ons gewerk het nie. Ons voel nog steeds net so sterk geroep vir God se werk onder die nasies. Bid asseblief vir ons. Ons wil God se stem duidelik hoor oor wat Hy volgende vir ons beplan.

Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie!

Andel van Wyk sluit by ons aan

Ds André van Wyk



Op Maandagoggend 27 September 2010 is die Van Wyk-huishouding geseën met die geboorte van ons dogter, Andel. 'n Pragtige en gesonde baba en vernoem na haar trotse pa, André. Haar boeties en sussie het haar dadelik verwelkom en sit gelukkig hand by met al die grootmaaktakies. Ons is die Here innig dankbaar vir hierdie klein wonderwerk in ons lewens.

Kersprogram

Stephan Ackermann

Die tyd het aangebreek vir ons jaarlikse Kersprogram! Dit vind plaas op Sondag 5 Desember om 19h00 in die kerkgebou.

Die kerkkoor is al 'n geruime tyd hard aan't oefen vir hierdie besondere geleentheid. Daar gaan hierdie jaar ook twee addisionele kore optree, naamlik die koor van Hoërskool Durbanville onder leiding van Phil Robinson, en 'n ensemble-koor uit die Laerskool Durbanville onder leiding van Riana Knoblauch. Dit belooft om iets besonders te wees.

Ons is bevoorreg om ook weer vier professionele soliste te kon betrek: Nicodemus Olivier (tenoor), Charlotte Stopforth (mezzo-sopraan), Leonard Heydenrych (fluit) en Suretha Theron (klarinet). Teks- en prosavoorlesings sal gedoen word deur Hannelie Leonard en Jan Burger.

Die gemeentedele word ook betrek deurdat daar tussendeur, sowel as vooraf, heelwat samesang van bekende Kersliedere gaan wees. Kom dus vroeg reeds om 'n sitplek te verseker en om lekker saam te sing, en ook Nelia-hulle se blomkunswerke te waardeer! Foto's van die gemeente gaan ook geneem word.

Kom ons vul die kerkgebou om sodoende hierdie Kersgety 'n spesiale fees te maak ter ere aan Hom wat vir ons gebore is!

Kersprogram

Wees bly en sing vrolik tot eer van ons Redder!

Sondag 5 Desember
19h00 in die kerk

Kom vroeg om sitplek te kry en vrolik saam te sing!